AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# OORSIG: MOONTLIKE ALTERNATIEWE ONTWIKKELINGSTRATEGIEë VIR DIE ONDERBERGGEBIED

Danie Botha
*Transvaal Suiker Beperk, Malelane*

Johan van Zyl
*Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Pretoria, Pretoria*

Die Laeveldse Aksiegroep van LEVSA het op 21 Februarie 1991 'n eendag simposium by die Malelane Buiteklub gereël. Die onderwerp onder bespreking was "Moontlike alternatiewe ontwikkelingstrategieë vir die Onderberg". Ongeveer 60 persone het die verrigtinge bygewoon. Hiervan was 17 lede uit die plaaslike boeregemeenskap afkomstig, terwyl ongeveer 25 landbou-ekonome was. Die Streeksontwikkelingsvereniging, Landbank, plaaslike handelsbanke en ander sakeondernemings soos onder andere TSB, Malelane Sitrus Ko-op, Laeveldse Ko-op, AHI, ens., was almal verteenwoordig.

Die doel van die simposium was om 'n aktuele onderwerp van belang vir landbou-ekonome en die plaaslike sakegemeenskap onder bespreking te plaas. Tydens die beplanning van die dag het die gedagte van 'n nuwe Suid-Afrika en strukturele verandering as gevolg van die politieke spel op die voorgrond getree. Sprekers wat bekend is met die prosesse van verandering op die politieke- en landbouterreine is genader om op te tree. Die doel was verder om toekomsgerigte denke op 'n meer gestruktureerde wyse binne die plaaslike gemeenskap te stimuleer, sowel as om veral plaaslike landbou-ekonome meer betrokke te maak by 'n gemeenskapsbou-aksie waar die landbou-ekonomiese dissipline vele raakvlakke het.

Die program het beide 'n oggend- en middagsessie behels. Die oggendsessie het bestaan uit formele lesings, afgewissel deur beperkte vraetyd. Die middagsessie was meer informeel. Simposiumgangers is in ses groepe van tien persone elk verdeel ten einde antwoorde op sekere vrae van toepassing op die boerderygemeenskap in die Onderberggebied te verskaf.

Die formele program was as volg:

1. 'n Bespreking van die hulpbronne in die Onderberg en die toekomstige potensiaal (Leon van Rensburg, Voorsitter van die Streeksontwikkelingsvereniging van Streek 26);

2. Die politieke onderhandelingsproses en gepaardgaande grondwetlike ontwikkelinge, gelyke geleenthede en sosiale investering (Jan Bredenkamp, Mannekragbestuurder by Transnet);

3. 'n Vergelyking van die effektiwiteit tussen verskillende boerderystelsels (Nick Vink en Johan van Rooyen, Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika); en

4. Die bespreking van 'n paar scenario's vir die Onderberggebied (Johan van Zyl, Universiteit van Pretoria).

Die groepbesprekings het voortgebou op die formele lesings wat gedurende die oggendsessie gelewer is. Die belangrikste punte waarop konsensus bereik is gedurende die besprekings sluit die volgende in:

- Boere en ander ondernemers het 'n besliste verantwoordelikheid om diegene wat nie op gelyke wyse kan kompeteer nie te help om dit wel te doen;
- ondernemings behoort 'n persentasie van hul teruggehoue winste of ander kapitaalreserwes in projekte gemik op gemeenskapsontwikkeling te belê;
- die landbou regverdig die belegging van nuwe kapitaal deurdat dit (1) 'n groot werkverskaffer aan laevlak mannekrag is, (2) dit 'n uitvoerder van landbouprodukte en gevolglik 'n verdiener van buitelandse valuta is, (3) dit die grootste deel van die voedsel wat binnelands verbruik word verskaf, en (4) dit 'n gesonde infrastruktuurin die platteland skep en onderhou;
- die bestaande boerderydrukgroep wat blanke kommersiële boerderybelange verteenwoordig behoort ook te beding vir hulp en die ontwikkeling van agtergeblewe swart landbougebiede;
- blanke kommersiële boerderye sal in die toekoms meer op hulself aangewese wees vir die voorsiening van kapitaal vir uitbreiding en produksiekrediet;
- die beweging na 'n vryer markmeganisme impliseer die uitfasering van subsidies en produsentepryse wat meer direk deur vraag en aanbod gereël sal word;
- daar is bepaalde ooreenkomste tussen die manifes van Staatspresident FW de Klerk en die "Freedom Charter" van die ANC wat moontlik kan dien as gemeenskaplike grond vir toekomstige samewerking;
- sinvolle gesprekvoering en ontwikkeling in politieke denke tussen andersdenkendes kan daartoe lei dat die toekomstige staatkundige bestel in 'n aanvaarbare rigting beweeg vir die meerderheid van deelnemers, wat daartoe aanleiding kan gee dat partye wat dit nou moeilik vind om saam te stem oor bepaalde aspekte van die huidige politieke bedeling tot ooreenstemming kan kom en mag besluit om saam 'n pad verder te loop; en
- die Onderberggebied is gedentifiseer as 'n area waar die landbou 'n sleutelrol in die ontwikkelingsproses kan speel omrede (1) daar aansienlike geleenthede bestaan vir die uitbreiding van landbouproduksie deur beide 'n beter horisontale en vertikale benutting van bestaande hulpbronne; (2) daar 'n wesenlike vraag na sodanige landbouprodukte bestaan op beide die plaaslike en internasionale vlak; (3) die verhoogde uitset in veral suiker- en vrugteproduksie sal aanleiding gee tot 'n stimulering van beide inset- en prosesseringsbedrywe, sowel as ander bindings met die res van die ekonomie ten opsigte van produksie-, inkome- en werkskeppingsvermenigvuldigers; en (4) sodanige produksieverhogings sal ookvolgehou en gehandhaaf kan word deurdat dit nie alleen bestaande ongelykhede sal aanspreek nie, maar ook vir die agtergeblewe areas van die Nkomati-gebied van KaNgwane addisionele inkome, werksgeleenthede en ontwikkeling in die algemeen tot gevolg sal hê.